# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

## AFDELING A : LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

# SA'ner in Oekraïne: "Ons hoop vir die beste"

24 Februarie 2022

Christel Cornelissen

1 Hulle het Donderdag om 05:00 wakker geword met die geluid van ontploffings. Dit was 'n veraf dreuning, amper soos swaar weer. Maar daar was nie 'n wolk in die lug nie.

2 Terwyl miljoene mense die Russiese aanslag op Oekraïne regstreeks op televisie dophou, is die werklikheid vir miljoene ander veel nader. En veel gevaarliker.

3 "Ek is bang, ja. Bang, maar ook senuweeagtig ..." sê Eben Viktor, 'n Suid-Afrikaner wat al die afgelope 20 jaar in Dnipro, 'n stad in die ooste van Oekaraïne, woon.

4 Dan is daar ook 'n gevoel van vernedering, want hier is iemand wat jou wil kom onderdruk. Die meeste Oekraïners het mos lankal hul keuse gemaak. Hulle het in 2014 (tydens Oekraïne se revolusie) besluit hulle wil Westers wees.

5 "Daar is natuurlik mense wat Russies-georiënteerd is. Die meeste mense hier wil egter vry wees en vooruitgaan in die lewe."

6 Oekraïne het ná die 2014-revolusie sy handelsbande met Rusland afgeskaal en al hoe meer sake met onder meer Westerse lande begin doen – tot Poetin se groot frustrasie. "Poetin wil nie 'n vooruitstrewende Oekraïne hê nie; hy is te bang daarvoor," sê Viktor.

7 Hy sê die bewering dat die lede van die Oekraïense regering handpoppe van die Weste is, is loutere onsin en dat Rusland nie Oekraïne se soewereiniteit erken nie.

8 "Dit is 'n drogbeeld. Hy wil 'n droom vervolmaak om die ou Tsaristiese Rusland onder sy beheer te kry."

9 Oekraïne is een van die armste lande in Europa, maar Viktor sê die land se mense werk hard om hul omstandighede te verbeter, veral deur onderrig. Talle Oekraïners is ook hoogs geleerd.

10 Waar hy en sy vrou, Ira, woon, praat baie mense Russies, maar die meeste praat Oekraïens. Hy verstaan self Russies, terwyl Ira se moedertaal Russies is, maar sy ook Oekraïens kan praat. "Poetin se storie is as jy Russies praat, behoort jy aan Rusland. Dit is soos om te sê almal wat Engels praat, behoort aan Engeland."

11 Viktor sê hulle het verlede week begin navraag doen oor moontlike skuilplekke indien die stad regstreeks aangeval word. "Hier is, maar niemand weet waar die sleutels is nie. 'n Mens kan skuil in kelders van geboue en ons sal vandag kyk waar daar vir ons plek is."

12 Talle mense het hulle begin voorberei op 'n moontlike inval en daar is heelwat paniekaankope gedoen. Daar was ook swaar verkeer waar mense die gebied probeer verlaat het.

13 "Ons is by die huis vandag. Ek het vanoggend oor die nuus gehoor mense het hulle probeer voorberei, maar jy het altyd daardie bietjie hoop gehad dat die ergste nie gaan gebeur nie."

14 Nou lyk die situasie skielik veel anders.

15 "Vooraf was jy bang 'n inval gebeur, maar nou is dit 'n ander vlak van spanning, stres en vrees," sê hy.

16 Talle mense is lid van die burgerlike verdedigingsmag en Viktor sê hy twyfel of hulle gaan terugsit terwyl Rusland aanval.

17 "Dit beteken dit kan 'n volskaalse oorlog in die strate word. Poetin wil hê Oekraïne moet kapituleer. Die enigste alternatief hierteen is weerstand – en weerstand kan 'n lelike ding beteken.

18 Ons volg die nuus. Ons hoop vir die beste en kyk wat gebeur. En ons probeer om nie paniekerig te word nie."

19 Die skole in die omgewing van hul huis is gesluit en die strate was vroegoggend grootliks verlate. Diegene wat dit wel buite gewaag het, het met groot inkopiesakke geloop, terwyl hulle voorraad in afwagting van enige toename in geweld gaan aankoop het.

20 "Gewoonlik loop hier baie ouers met hul kindertjies, vandag is alles stil. Hier is baie min mense op straat."

21 Oekraïne se president, Wladimir Zelenski, het vroeër krygswet ingestel en Viktor sê hoewel Poetin sê burgerlikes word nie geteiken nie, vermoed hulle enigiemand wat weerstand bied, kan wel ‘n teiken word.

22 “My voorspelling is egter dat Oekraïners hierdie inval nie sonder slag of stoot gaan aanvaar nie.”

23 Viktor het vantevore in Suid-Afrika skoolgehou. Die hoof van ‘n nuwe internasionale skool in Dnipro was ‘n Suid-Afrikaner en het in Suid-Afrika kom onderwysers werf. Vir Viktor was dit die kans op ‘n nuwe avontuur en die betaling was goed, en hy het hom dus in 2001 in Oekraïne gevestig.

24 Hy is drie jaar later met Ira, ‘n Oekraïense vrou, getroud wat hy by die skool ontmoet het. Ira se ouers woon ook in dié gebied. “Hulle is bejaard en kan nêrens heen gaan nie,” sê Viktor.

25 “Ons moet nou vasbyt. Dit is senutergend en jy vind jy is heeltyd op jou hoede. Jy luister vir ontploffings.

26 ‘n Mens raak gewoond aan die lewe hier. Dit word jou plek en hierdie gebeure laat ‘n mens nie onaangeraak nie. Dit is nie net ‘n kwessie van jou tassies pak en hardloop nie.”

**Deel van: SA-nuus, Wêreldnuus**

1.1 Gee die naam van die land wat Oekraïne ingeval het. (1)

1.2 “Hulle het Donderdag om 05:00 wakker geword met die geluid van ontploffings.”

Waarom kan ons sê dat hierdie stelling ‘n FEIT is, en nie ‘n mening nie? (1)

1.3 Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies en skryf dit neer.

Vir die inwoners van Oekraïne was die situasie baie (veilig/gevaarlik). (1)

1.4 Gee twee aparte woorde uit die stuk, wat die TWEE emosies wat Eben Viktor gevoel het, beskryf toe die inval begin het. (2)

1.5 Die meeste Oekraïners het in 2014 besluit hulle wil Westers wees.

1.5.1 Noem die gevoel wat by hierdie mense opkom met hierdie Russiese inval. (sien paragraaf 4) (1)

1.5.2 Waarom het hierdie mense besluit om Westers te word? Gee twee redes. (2)

1.6 “Poetin wil nie ‘n vooruitstrewende Oekraïne hê nie” (paragraaf 6)

Waarvoor is Poetin bang? (1)

1.7 “Iede van die Oekraïense regering “<u>handpoppe</u>” van die Weste is” (paragraaf 7)

1.7.1 Word “handpoppe” hier LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op vraag 1.7.1 deur te verduidelik wat “handpoppe” beteken. (1)

1.8 Volgens die artikel, wat is Poetin se droom? Haal 10 opeenvolgende woorde as antwoord aan. (1)

1.9 Die volgende stelling is ONWAAR. Motiveer waarom.

Oekraïne is ‘n baie welgestelde land in Europa. (1)

1.10 Gee ‘n rede waarom Oekraïne so goed vaar ten spyte van hulle omstandighede. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.11) en die letter (A-D) neer.

Eben se vrou se moedertaal is ___

A. Oekraïens.
B. Russies.
C. Afrikaans.
D. Engels. (1)

1.12 Daar is altyd gevolge van ‘n oorlog.

Pas die gevolge in KOLOM B by die insidente in KOLOM A. Skryf die letter (A-E) langs die vraagnommer (1.12.1 – 1.12.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Mense soek skuilplekke. | A. Die strate is verlate. |
| 1.12.2 Geboue en winkels word gebombardeer. | B. ‘n Volskaalse oorlog gaan uitbreek. |
| 1.12.3 Die burgerlike verdedigingsmag gaan terugveg. | C. Mense soek skuilplekke in kelders van ou geboue. |
| 1.12.4 Al die skole is gesluit. | D. Kinders gaan nou dom word. |
| | E. Mense doen paniekaankope. |

(4)

1.13 In paragraaf 21 sê Poetin “burgerlikes word nie geteiken nie”.

Stem jy saam met Poetin se stelling? Verduidelik. (1)

1.14 Verduidelik in jou eie woorde hoe dit gebeur het dat Viktor in Oekraïne begin werk het en daar gebly het. (2)

1.15 Hoekom kan Eben Viktor nie net sy “tassies pak en hardloop nie”? (1)

1.16 Wie het hierdie artikel geskryf? Gee die persoon se naam en van. (1)


**GRAFIEK**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: GRAFIEK**

## Die tien duurste vakansiebestemmings

**Bedrae gegrond op die koste van verblyf, kos, drank, vervoer en vermaak.**



| | BESTEMMING | GEMIDDELDE DAAGLIKSE KOSTE |
|---|---|---|
| 1 | New York, VSA | R6 681,76 |
| 2 | San Francisco, VSA | R5 438,97 |
| 3 | Amsterdam, Nederland | R5 381,12 |
| 4 | Zürich, Switserland | R5 290,34 |
| 5 | Palma de Mallorca, Spanje | R5 150,79 |
| 6 | Honolulu, Hawaii | R5 144,38 |
| 7 | Los Angeles, VSA | R5 005,18 |
| 8 | Kopenhagen, Denemarke | R4 907,10 |
| 9 | Ibiza, Spanje | R4 896,78 |
| 10 | Marbella, Spanje | R4 575,85 |

Bron: Hoppa

Grafika24

1.17 Waarom is die strepie langs Switserland langer as die strepie langs Los Angeles? (1)

1.18 Op watter manier word die verskillende lande visueel voorgestel? (1)

1.19 Hoe vergelyk die gemiddelde daaglikse koste van Amsterdam met Switserland? (1)

1.20 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur DRIE opeenvolgende woorde aan te haal.

'n Vakansie in Ibiza, Spanje, sal jou R4 896,78 per week kos. (1)

1.21 Watter WOORD in die grafiek verwys na verskillende vorme van tydverdryf soos opvoerings, feeste, filmvertonings, sportwedstryde, ensovoorts? (1)

1.22 Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE. Skryf slegs die nommer en die letter neer:

Die duurste vakansiebestemmings in die wêreld is in ___.

A. Amerika
B. Europa
C. Asië
D. Afrika (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: HOE OM JOU TYD GOED TE BESTUUR**

Lees die volgende stuk deur en soek wenke oor hoe om jou tyd goed te bestuur.

**Volg nou die volgende instruksies:**

1. Soek SEWE wenke wat jou sal help om jou tyd goed te bestuur.
2. Skryf jou opsomming puntsgewys van 1-7.
3. Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie.
4. Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
5. Skryf jou wenke in volsinne.

**TEKS C**

**HOE OM JOU TYD GOED TE BESTUUR**

Die tyd vlieg – altyd. En as tyd eers verby is, kry jy dit nooit terug nie. As ‘n mens bewus is van tyd, verbeter jy ‘n hele klomp dinge in jou lewe. Die meeste mense vind dit regtig moeilik om hulle tyd suksesvol te bestuur. Die goeie nuus is dat tydsbestuur ‘n vaardigheid is wat enigeen kan aanleer.

Dit help baie as ‘n mens presies weet hoe jy jou tyd spandeer. As jy kan sien wat jou tyd steel, help dit al baie. As jy byvoorbeeld besef dat jy te veel ure op jou sosiale media spandeer, kan jy vir jouself beperk tot ‘n sekere aantal ure per dag. Dit kan vir jou soos ‘n speletjie werk as jy ‘n tydbeperking instel. Jy kan vir jouself belowe dat jy iets in byvoorbeeld twee uur gaan klaarmaak. Die positiewe gevoel wat jy kry as jy die taak in hierdie tydbeperking voltooi, is soos toe jy ‘n kind was en ‘n speletjie gewen het.

Om ‘n lysie te hê, is altyd tydbesparend. Maak dus vir jouself ‘n doen-lysie. Dit hou jou gefokus en gemotiveerd. Lysies help ook om jou vordering te monitor en soos jy alles afmerk op jou lysie, kry jy ekstra energie om vinniger te werk.

Vooruit beplanning is kritiek in die bestuur van tyd. As ‘n mens presies weet wat vir jou wag, kan jy take opbreek in dele en so kan jy stukkie vir stukkie ‘n groot taak klaarmaak.

‘n Mens het vroeër in die dag die meeste energie. Dus is dit ‘n goeie idee om jou belangrikste take so vroeg as moontlik in die dag te doen. Dan het ‘n mens ook die positiewe gevoel van sukses vir die res van die dag as jy weet jy het ‘n belangrike taak afgehandel.

Die mees suksesvolle tydsbestuurders stem almal hieroor saam: Fokus op een taak op ‘n slag. Dis baie belangrik om ‘n taak te voltooi as jy daarop besluit het. Dis maklik om gou ‘n taak te los en jou e-posse te lees, maar voor jy weet waar jy is, het jy vergeet van jou taak. Voltooi dus ‘n taak voordat jy na iets anders beweeg.

Moenie toelaat dat perfeksie jou vyand word nie. Hou op om dinge te veel te analiseer. Doen jou bes – altyd. As jy ‘n taak voltooi het en jy weet jy het hard probeer om dit so goed as moontlik te doen, moet jy aanbeweeg na ‘n volgende taak. As jy aanhou om iets te analiseer en perfek te probeer maak, gaan jy baie tyd mors.

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**


**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**Bestudeer die spotprent. Beantwoord dan die vrae wat volg.**

**TEKS D**




Vandag (3.5) (vier/fier) ons "Koop-'n-Afrikaanse-boekdag". (3.6) <u>Die *Vriende van Afrikaans* (*VVA*) het hierdie dag in 2005 ingestel.</u> Hulle het weer vanjaar met boekhandelaars onderhandel vir (3.7) <u>stewige</u> afslag op Afrikaanse boeke, en met afslag van tussen (3.8) 10% en 50%, hoe kan jy anders as om 'n Afrikaanse boek of twee (of drie!) te koop?

(3.9) <u>Onseker</u> oor wat om te koop? Gaan lees dan hier: http://www.afrikaans.com .../14-augustus-is-koop-n-afrikaanse-boek-dag
(3.10) <u>Ons moet 'n paar bekende boekmense vir aanbevelings vra</u>.

<u>Vrae</u>:

3.1 Wat is die doel van hierdie advertensie? (1)

3.2 Wie is die adverteerder? (1)

3.3 Skryf die boek aan die linkerkant se woorde oor in die INDIREKTE REDE.

"Ek wil nie meer met jou baklei nie."

Begin so: Die boek sê ... (onthou, albei boeke is manlik!) (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

"... dat ons 'n nuwe blaadjie omslaan" beteken ...

A. dat ons 'n nuwe boek kry.
B. dat ons van vooraf begin.
C. dat ons ophou boek lees.
D. dat beide van ons omblaai na die volgende bladsy. (1)

3.5 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Vandag (vier/fier) ons "Koop-'n-Afrikaanse-boekdag". (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die *Vriende van Afrikaans* (***VVA***) het hierdie dag in 2005 ingestel.

Begin so: Hierdie dag ... (1)

3.7 Wat is 'n "<u>stewige</u>" afslag? (1)

3.8 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die %-teken word as (present/persent) uitgespreek. (1)

3.9 Skryf die volgende sin oor en voltooi dit.

"<u>Onseker</u>" is die negatiewe vorm van ___. (1)

3.10 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF.

Ons moet 'n paar bekende boekmense vir aanbevelings vra.

Begin so: Ons behoort ... (1)

[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




Artikel in Beeld, 12 November 2014:

(4.5) Prof. Noakes se Banting-dieet is ook ideaal vir hondekinders. Banting is ’n dieet met lae koolhidraat en (4.6) (hoog) vet.

4.1 Hierdie spotprent is gebaseer op die bekende uitdrukking:

Die hond is die mens se beste vriend.

Volgens die spotprent, is “vet” nou die mens se beste vriend. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken. (1)

4.2 Hoe wys die vrou in die agtergrond se liggaamstaal dat sy nie baie hou van wat haar man (en hond!) sê nie? (1)

4.3 Noem TWEE dinge wat wys dat hierdie twee beste vriende baie bly is oor wat hulle in die koerant gelees het. (2)

4.4 Hoe weet ons dat die vleis op die kole aan prof. Noakes se dieet voldoen? (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Prof. Noakes se Banting-dieet is ook ideaal vir hondekinders. (1)

4.6 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Banting is ’n dieet met lae koolhidraat en (hoog) vet. (1)

4.7 Hoe kan ons aan die hond se liggaamstaal sien dat hy baie opgewonde is oor wat op die kole is? (1)

4.8 In watter deel van die erf (yard) vind hierdie braai plaas? (1)

4.9 Hoe weet ons dat die vrou in die agtergrond heel moontlik nou iets in die kombuis voorberei het? (1)

[10]

**VRAAG 5 : ARTIKEL EN FOTO**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel en foto hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

TEKS F

Hierdie honde kan Covid-19 uitsnuffel (5.1.1 Honde moet in talle lande opgelei word om Covid-19 te identifiseer). Hoe ruik 'n virus? As honde kon praat, sou hulle vir ons kon sê.

Daar is nou 'n internasionale span, (5.1.2 wat/wie) met honde werk. Sedert Maart word honde opgelei om die spoor van die Covid-19 virus uit te snuffel. Sweetmonsters (sweat samples) help hierdie honde om besmette mense te identifiseer. (5.1.3 Dié honde-speurders behaal sukses.)

'n Mens kan altyd (5.1.4 ____ ) honde se lojaliteit vertrou. (5.1.5 Dit is al duidelik hoe honde hierdie virus uitsnuffel.) Argentynse en (5.1.6 België) honde word tans ook opgelei. (5.1.7 Dit lyk na 'n wenresep.)

Hulle wil nou selfs die honde op verskillende lughawens ontplooi om die verspreiding van Covid-19 te beheer. Die navorsers het bevind dat honde selfs mense wat nog a-simptomaties is, (5.1.8 vinnig) kan opspoor. (5.1.9 Die base roep hulle honde.) Dan reageer hulle op die bevel.

Die gemiddelde hond het ongeveer 220 miljoen (5.1.10 reukseptore) in die neus, maar die navorsers is nog nie heeltemal seker wat die honde ruik as hulle Covid-19 vind nie. Hulle reken wel dat die honde spesifieke organiese verbindings (5.1.11 opspoor). (5.1.12 Die reuke word maklik deur die honde uitgesnuffel.)

Dis nie vreemd om die volgende vraag op 'n lughawe te hoor nie: (5.1.13 "Waar is die virus?") (5.1.14 Daar loop baie honde op lughawens rond.) Hulle is gedurig op soek na die virus. Dit (5.1.15 veiliger sal vir die passasiers wees) as die virus gou gevind word.

[netwerk24.co.za]

5.1.1 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF

Honde moet in talle lande opgelei word om Covid-19 te identifiseer.

Begin so: Honde hoef … (1)

5.1.2 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies:

Daar is nou 'n internasionale span (wat/wie) met honde werk. (1)

5.1.3 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM:

Dié honde-speurders behaal sukses. (1)

5.1.4 Gee die korrekte VOORSETSEL in die volgende sin:

'n Mens kan altyd ____ honde se lojaliteit vertrou. (1)

5.1.5 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM:

Dit is al duidelik hoe honde hierdie virus uitsnuffel. (1)

5.1.6 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies:

Argentynse en (België) honde word tans ook opgelei. (1)

5.1.7 Verander die volgende STELSIN na 'n VRAAGSIN:

Dit lyk na 'n wenresep. (1)

5.1.8 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies:

Die navorsers het bevind dat honde selfs mense wat nog a-simptomaties is, (vinnig) kan opspoor. (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD:

Die base roep hulle honde. (1)

5.1.10 Gee die ENKELVOUD van die woord tussen hakies.

Die gemiddelde hond het ongeveer 220 miljoen (reukseptore) in die neus. (1)

5.1.11 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies:

Hulle reken wel dat die honde spesifieke organiese verbindings (opspoor). (1)

5.1.12 Skryf die volgende sin in die BEDRYWENDE VORM:

Die reuke word maklik deur die honde uitgesnuffel. (1)

5.1.13 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE:

Die polisieman vra: "Waar is die virus?" (1)

5.1.14 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD:


Daar loop baie honde op lughawens rond. (1)

5.1.15 Skryf die volgende sin in die korrekte WOORDORDE:

Dit (veiliger sal vir die passasiers wees). (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**



**[Google Images]**

5.2.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies:

(Wanneer die son ondergaan) is die mooiste deel van die dag. (1)

5.2.2 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies:

Laagwater is (rustig) as hoogwater. (1)

5.2.3 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD:

Ons wil die dag by die see geniet. (1)

5.2.4 Gee die korrekte LIDWOORD in die volgende sin:

Elke mens het ______ vakansie by die see nodig. (1)

5.2.5 Gee die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die volgende sin:

As jy __________ baaibroek vergeet, is dit 'n jammerte! (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 80 PUNTE**